Toetrede

Liturgie van die Lig

Dis so maklik om verstrik te raak
in die nette van vertoon en wil-hê...
Gee Here, dat ek vry sal wees
van begeerte en selfsug;
dat ek sal onthou die mooiste in die
lewe kos niks nie:
die liefde, `n glimlag, deel met
en omgee vir ander...

Immersion

There is anger abroad in the world, a numb thunder,
because of God's silence. But how naive,
to keep wanting words we could speak ourselves,
English, Urdu, Tagalog, the French of Tours,
the French of Haiti.

Yes, that was one way omnipotence chose
to address us-Hebrew, Aramaic, or whatever the
patriarchs
chose in their turn to call what they heard. Moses
demanded the word, spoken and written. But perfect
freedom
assured other ways of speech. God is surely
patiently trying to immerse us in a different language,
events of grace, horrifying scrolls of history
and the unearned retrieval of blessings lost for ever,
the poor grass returning after drought, timid,
persistent.
God's abstention is only from human dialects. The
holy voice
utters its woe and glory in myriad musics, in signs and
portents.
Our own words are for us to speak, a way to ask and
to answer.

Denise Levertov (1923–1997)

Woorddiens

Lesing 1: Markus 8:31-38 (1953)

31 Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens
baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en
owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná
drie dae opstaan.
32 En hierdie woord het Hy ronduit gespreek. En Petrus
het Hom opsy geneem en Hom begin bestraf.
33 Maar Hy het Hom omgedraai, en terwyl Hy sy dissipels
aankyk, het Hy Petrus bestraf en gesê: Gaan weg agter
My, Satan! Want jy bedink nie die dinge van God nie,
maar dié van die mense.
34 EN toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom
geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom,
moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.
35 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar
elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie
ontwil verloor, hy sal dit red.
36 Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld
win en aan sy siel skade ly?
37 Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?
38 Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in
hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die
Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in
die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.

Broodjies vir die Pad

In today's gospel, Jesus reiterates this intriguing and also disturbing promise: "For what profit is there for you if you get everything you assumed was desirable but, in the process, forfeit your own life."

http://sacraconversazione.blogspot.com

Grace tells us that we are accepted just as we are. We may not be the kind of people we want to be, we may be a long way from our goals, we may have more failures than achievements... but we are nonetheless accepted by God, held in his hands. Such is his promise to us in Jesus Christ, a promise we can trust.

~ Donald McCullough

In the Second Section of Being and Time, Martin Heidegger dissects how we live in "averageness." We participate in "idle" talk that easily conforms to our family and peers. We "tranquilize" our anxieties, especially our anxiety about dying. We can even become numb. "In the publicness with which we are with one another in our everyday manner, death is 'known' as a mishap which is constantly occurring.... Some one or other 'dies', be he neighbor or stranger. People who are no acquaintances of ours are 'dying' daily and hourly." (pp 296-297)

Heidegger seeks to alert us to an alternate perspective. He writes that if one allows one's self to confront the fact that at some point-- you can never know when-- you will no longer exist as you have known this life since you were born. Then, and only then, he argues, a person begins to grasp life more firmly and fully. Then, and only then, he says we are led to an impassioned **"freedon towrds death,"** (which his translators put in bold!) (p. 311) This "freedom" allows us to imagine and do deeds we would have never dreamed of before. We discover choices, opportunities, relationships and, most importantly, we **do** things that would have never been possible in our safe "Averageness."

"When we confront our extreme condition of anxiety (depression/death/conscience, however," so concludes William Blattner in his gloss on Heidegger's magnum opus, "we are jolted out of this complacency and forced to face the full range of our freedom. We can hide from these opportunities, once disclosed, disown ourselves, and fall back into a lostness in the Anyone, or we can seize upon our freedom, see for the first time that we are called upon to answer to [our specific] situation, and not just the Anyone. Such a steady and steadfast self, true not to who we 'really' are, but to how we are, is a self we construct resolutely facing the challenges to our leveled-off complacency." (*Heidegger's Being and Time*, p. 167)

http://sacraconversazione.blogspot.com

Gekom om te dra

deur Gerrit Brand

"God het dit aan die bas gevoel," laat glip 'n predikant dit in 'n oomblik van diep nadenke en emosie oor die belangrikste geloofsvraag, so raak opgesom in die teoloog Bram van de Beek se boek Waarom? Over lijden, schuld en God. Die gesprek vind plaas in een van Communitas se kursusse vir voortgesette bedieningsopleiding op Stellenbosch. Daar is 'n oomblik van ongemaklike stilte: Ons kan mos nie só oor die heilige God praat nie? Dan kom die gesamentlike besef: Ons kán so oor God praat; ons móét selfs! Ons bely mos dat God regtig mens geword het, nie "soort van" nie.

Soms word die eienaardigste gedagte 'n toetssteen vir ware geloof. In die vyfde eeu het byvoorbeeld 'n hewige twis in Efese ontstaan oor die populêr geworde eretitel Theotokos, "God-baarder", vir Maria. Stephen Need verduidelik die agtergrond hiervan in sy boek Truly divine and truly human: Voorheen is die godin Artemis met groot piëteit in daardie streek aanbid, en namate die bevolking verchristelik, en Artemis afgesweer, is, het die behoefte ontstaan om in haar plek 'n Christelike vrouefiguur, indien nie te aanbid nie, dan ten minste te vereer. En daarvan getuig die Bybel mos: Maria is die vrou wat aan Christus geboorte geskenk het!

Gesien teen dié agtergrond, is dit seker nie vreemd dat Nestorius, toe 'n aartsbiskop, ongemaklik met die populêre titel was nie. Sy argumente het egter nuwe vrae opgeroep. Só betoog hy dat as Maria die moeder van God was, dit sou beteken dat God gebore is of op 'n sekere datum drie jaar oud was – en dit is tog onmoontlik! God is in ewigheid immers onveranderlik en kan nie ly nie.

Maar 'n mens kan vra: Is dit waar? Maak Nestorius hiermee nie sekere spekulatiewe idees oor hoe God móét wees (idees ontleen aan die Griekse filosofie) normatief vir wat Christene mag bely nie? Moet die getuienis van die eerste Christene, soos weerspieël in die vroegste tekste, nie eerder ons "natuurlike" Godsvoorstellings onder kritiek stel, suiwer, selfs op hulle kop keer nie? Paulus skryf mos oor Jesus, die Een wat uit God self "gestuur" is en God se eie "Gees" dra, dat Hy "uit 'n vrou gebore" is (Gal 4:4-6). As dit nie by ons prentjie van goddelikheid pas nie, dan weg met ons prentjie! Om daaraan vas te klou is om dan tóg die eenheid van God en mens in Christus te bevraagteken. Daarom word uiteindelik deur die Konsilie van Efese bevestig dat Maria as Theotokos bely móét word – ook al staan dit nêrens uitdruklik in die Bybel nie.

Daar is raakpunte met die dominee se uitlating die ander dag oor God se "voel aan die bas". Wie uit 'n vrou gebore is, in 'n stadium drie jaar oud was, "mense van vlees en bloed" na Hom getrek het deurdat Hy "soos hulle mens geword" (Heb 2:14) het, was "in elke opsig net soos ons" (Heb 4:15). Ook Hy het "gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane" (Heb 5:7). Hy het dit die moeite werd geag om die waardigheid van mens wees, en daarmee die weerloosheid, die breekbaarheid, op Hom te neem.

Van de Beek skryf in sy Jezus Kurios: "God is niet gekomen om de wereld moreel te verbeteren, maar om die te dragen." Op die vraag hoekom God 'n wêreld skep waarin lyding moontlik, selfs onvermydelik is, kan moeilik 'n antwoord gegee word, behalwe dan om te onthou dat dié God ons nie aan onsself oorlaat nie, maar tot een van ons ontledig word (Fil 2:7) – dit aan eie bas kom voel.

Vleeswording en kruisiging, epifanie en lydenstyd, is twee kante van 'n munt.

Brood vir die Pad

Die vloeispel van metafoor tot hipotese

deur Wilhelm Jordaan

Metafore is die hamer en aambeeld van digters, skrywers, regisseurs en verliefdes: "O my nooi is in 'n nartjie, / my ouma in kaneel, / daar's iemand ... iemand in anys, / daar's 'n vrou in elke geur" à la Opperman se "Sproeireën".

Soos 'n mens dit ook lieflik kry in die fliek Il Postino (gegrond op Antonio Skármeta se roman Ardiente paciencia).

Oor die "brandende geduld" van die eenvoudige posman Mario Ruoppolo wat skaam verlief is op Beatrice Russo en nie weet hoe om sy groot liefde te verklaar nie.

Hy steek dan kers op by Pablo Neruda (die werklike digter as karakter), by wie Mario pos aflewer.

Algaande snap hy taal se beweegkrag en roep oplaas ekstaties uit: "Metaphore! Metaphore!"

Nou kan hy Beatrice tot die liefde beweeg. En sy word syne. Ja, die kosmos krioel van metafore.

Sommige sê metafore het net te doen met sulke "hartsake" en hoort dus nie in die "kopsake" van iets soos die natuurwetenskap nie.

Dáár, so word gesê, geld die sekerheid van logiese bewysreëls. Dít is die eintlike manier van dink.

Dít is 'n mistasting, want die menslike gees is wesenlik metafories ingestel – om ooreenstemmings tussen een saak en 'n ander raak te sien en dit uit te spel.

En dié uitspel geskied gereeld met die hart se passie én die verstand se suiwering. Van die belangrikste ontdekkings in die natuurwetenskap berus daarop.

'n Voorbeeld is Michael Faraday (1791-1867) se proewe toe aanvaar is dat daar geen verband tussen elektrisiteit en magnetisme is nie.

'n Bevinding dat 'n kompasnaald onverklaarbaar effens beweeg in die nabyheid van 'n elektriese stroom het Faraday aan die dink gesit.

Hy was lid van 'n godsdiensgroep wat geglo het alles in die kosmos, ook mense, word geometries gereguleer deur sirkelvormige patrone, byvoorbeeld: "Ek help jou, jy help 'n ander en so gaan dit sirkelvormend voort", soos uitgebeeld word in die fliek Paying It Forward.

In Faraday se geval het die uitspel van die waargenome verband uitgeloop op 'n proef waarin bevind is 'n loshangende draadjie begin in 'n sirkelpatroon beweeg naby 'n elektriese stroom.

Sommige reken gelukkige toeval (serendipity) verklaar sulke ooreenstemmings. Wat sê Faraday se kosmiese sirkelbeginsel stem bloot toevallig met die proewe se bevindings ooreen.

Hoe dit ook al sy, Faraday se ontdekking is metafories "ingegee" deur die idee dat magnetisme en elektrisiteit se samehang soos die sirkulêre godsdiensbeginsel funksioneer.

Uit die "ingewing" het die latere ontwikkeling van die elektromagneet en die opwekking van elektrisiteit voortgevloei.

Daaruit kom die insig die mens kan nie sonder metafore klaarkom nie. Hulle is nie net taalversierings nie.

Hulle bied 'n manier van dink wat singewend in die alledaagse lewe én hipotesevormend in die natuurwetenskap werk.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877